Donderdag 13 Oktober

Yves Weeger is vroeg reeds by die bus - hy wil weet waar ek die mooi musiek uitkrap , glo ook nie regtig Hannes se verduideliking oor klankproduksie nie.....

Ons staan en praat oor musikale koeitjies en kalfies, terwyl die soenproses weer momentum begin kry!

Before we left for Paris, we visited the house where Francis Poulenc lived and worked. It is a beautiful place in the country side.
I was very proud to see, how keen the children were to visit his home.
I am sure they prefer Poulenc to Mc Donalds!

"Wat sal ons met die kinders aanvang vir die paar uur in Parys?", vra Andries.
"Kyk", sê ek: " Baie van die kinders het nie slegs 'n musiektalent nie - dis nou sonder om te praat van hulle sportprestasies, akademiese voortreflikheid en ander talente -
hier is ook vele met 'n interesse vir kuns. Ons kan nie Parys verlaat ,sonder dat ons nie by die Louvre was nie - dit sou onvergeeflik wees."

Almal stem saam, en ek is verlig. Gedurende die toer het ek vir Chris Venter beloof ek sal hom by 'n kunsgallery kry, en ek is dankbaar ek kan dié belofte nakom.

Op pad na Parys, breek die bus skielik. Pascal klouter onder die rooi gevaarte in - herstel die kwaal - en daar gaan ons weer!
Daar is groot joleit op die bus: Dit sing en lawaai - ek ervaar geen gevoel van irritasie nie.

Dit is 'n wonderlike gevoel om te dink - dit het só goed gegaan!
"Ons geld het ook gehou!", kondig Barney trots aan... "Ons het nie geraak aan die ekstra geld wat ons saamgebring het nie - ek het selfs 'n paar sent oor om nuwe musiek vir die koor aan te koop."

Toe ons in Parys aankom, is die verkeer geweldig druk - die bus staan letterlik stil! Pascal sweet agter die stuurwiel, hy klim naderhand uit om die verkeerskonstabel te soebat om die bus voorrang te gee, maar tevergeefs.

By die Loevre aangekom, ry ons onder die aarde in - daar is
5 of 6 vlakke parkering slegs vir busse onder die Loevre.
Dis soos 'n stad op sy eie.

Pascal waarsku ons: "Here I promise you, you will lose the childs...." Daar stroom elke paar minute duisende mense die Loevre binne, en ons besef die verdwaalprobleem.

Elk van ons, pas ons groep op met 'n arendsoog op. Dis totaal onmoontlik om hier iemand te soek.
Die Loevre is ontsaglik groot - die grootste kunsmuseum op aarde.
Ons loop verby al die kunsskatte - gaap dit aan, en volg die aanwysings na die Mona Lisa.

"Dié skildery is in ons geskiedenisboek!", hoor ek 'n opgewonde stem .....
"Daai een óók!"
Amanda verloor vir 'n oomblik haar preutsheid, en staar oopmond na al die naak standbeelde.

"Julle moet beweeg!", roep Andries. Amanda gee 'n laaste kyk, sug van aandoening, en stap verder.

Uiteindelik staan ons voor die Mona Lisa - die arme vrou het nooit enige privaatheid nie, dink ek.
"Haar oë volg my die hele tyd", sê Jean-Pierre.

Ná almal die Mona Lisa goed bekyk het, en elk hul eie artistieke oordeel uitgespreek het, gaan ons terug.
Ons moet lughawe toe - die verkeer is ontsettend - en die vliegtuig sal nie wag nie.
Wetende ons gaan wéér die kaal mansstandbeelde verby met ons terugtog, hou Andries 'n wakende oog oor Amanda.

Die rit na die lughawe duur vir ure - Pascal is moedeloos, en gooi naderhand die handoek in: "What I can do.....what I can do?", sê hy aan Andries, wie se keel ook begin toetrek.
Vir oulaas probeer ek Andries teiter:
"Hoekom los ons die bus hier nie, en gaan met die metro lughawe toe?"

"Ja" sê Andries, "Ek wou nog altyd graag Culcutta gesien het!"

Toe ons uiteindelik daar aankom, is almal gretig om van die bus te kom.
Ilze Rademeyer maak 'n mooi bedankingstoespraak - geskenke word gegee- en skielik is die toer op 'n einde.....

Ek bly nog vir twee weke in Europa agter, en neem afskeid van die geselskap.
Dit gaan vinnig - die soenproses is teen dié tyd vervolmaak, met al die oefening wat ons gekry het.

Skielik is ek alleen....daar gaan die kinders....reeds is ek vergete.....en voel soos 'n surrogaat....

Die glasdeure gaan toe, en ek kan die kinders se stemme nie meer hoor nie....
Ek sien hoe Roxanne Andries se arm beetkry, en met hom praat.....wonder wat sy wil hê....

Hierdie joernaal is aan almal opgedra, wie die Franse Ondervinding meegemaak het.

LIONEL VAN ZYL
20 NOVEMBER 1994

Back from a tour week tour of France with the Eastern Cape Children's Choir are (from the left), SONE PIENAAR, HERBERT BURMEISTER and ILSE RADEMEYER, who were greeted by excited parents and siblings.

Cheers, tears as excited young choristers return

By KATHY PATON

CHEERS and tears met the 55-member Eastern Cape Children's Choir on their return to Port Elizabeth yesterday from a two-week tour of France.

Excited parents and siblings clammered to be heard above the voices of the tired but happy-to-be-home primary and high school pupils who performed in Paris, Coutances, Rouen, Saint Malo, Fougeres, Keane and Tours.

Led by tour conductor Lionel van Zyl, a lecturer at the University of Port Elizabeth, and director Andre van Schalkwyk, the choir performed at L'Eglise des Billettes, L'Eglise St Vivien (sharing the concert with Choeur de Haute Normandie, directed by Mr Jean Louis Barbier), the Notre Dame Cathedral, Saint-Benoist Cathedral, L'Eglise Germain and the Concert Salle Jean de Ochegheem.

Although they had to stay in hotels in some cities, in most places they were accommodated by host families.

The children were taken sightseeing, including a special trip to EuroDisney.

They also visited the South African Embassy in Paris.

"It was wonderful. I enjoyed it so much," one excited choir member said at the PE Airport yesterday.

"We went to a cafeteria where we ate raw patties. It was disgusting!. But we had a great time," she said.

Ilse Rademeyer, 14, of Andrew Rahie High School, said: "I enjoyed it very, very much.

"The concerts were excellent and the group was great . . . we all worked together."

Her greatest moment, was "when we went up the Eiffel Tower".

"We could see the whole of Paris . . . the traffic, the entire city. It was great," she said.

Herbert Burmeister, 13, of Summerwood Primary, said the highlight of the trip was the visit to EuroDisney.

"It was fantastic. We spent the whole of our first Monday at the Disneyland," he said.

Le Chœur
d'Enfants
du Cap